# **Memories by Daughters Ina and Olga**

Olchert Braak is gebore in Groningin, Holland op die 11de Januarie 1894.
Op twee jarige leeftyd het iets snaaks met hom gebeur. Sy Ma het gaste en familie op besoek gehad en almal het met a glasie Boerejongens gesit. Boerejongens is rosyntjies wat in brandewyn geweek is. Die dames het elkeen klein Olchert ‘n rosyntjie gegee en die gevolge was dat hy later baie onseker op sy beentjies geword het. Hulle kom toe agter dat hy dronk was en natuurlik het die dames een na die ander gebieg dat hulle hom ‘n rosyntjie gegee het.
Olchert het saam met my ouers uitgekom na Suid-Afrika maar op 12 jarige leeftyd is hy terug Holland toe met sy jonger broer, Hendrik, wat vir polio behandeling moes ontvang. Hy het hom daar bygestaan op so ‘n jong ouderdom.
Terwyl, Olchert in Holland was, het hy met skilderkuns begin en dit was moeilike tye en hy het verf by die bouers gekry om mee te skilder. Hy was baie beindruk met Isaac Israëls en veral sy bekende skilderye ‘Langs Moeders Graf’. Olchert het min mense geskilder maar wel een van ‘n moeder en kind. Hy het ook honde geskilder en ‘n paar stillewe, maar meer op natuur tonele gefokus. Al het Olchert se moeder, Eltje, hom gewaarsku om nie sy tyd te verdryf met skilder nie, het hy voortgegaan en een van Suid Afrika se bekendste skilders geword. By die Kunsskool in Pretoria, het hy bevriend geraak met kunstenaars soos Pierneef, Maud Summer, Eric Mayer, Pieter Wening, Terence McCaw en Barones Alphing von Zwykowski. Hulle het onder mekaar skilderye geruil en dus het van die familie ‘n paar van hierdie ander kunstenaars se werk.
Toe Olchert en Hendrik terug gekom het na Suid-Afrika, het Olchert ‘n groente en vrugte stalletjie opgemerk en veral die lekker rooi appels. Sy mond het gewater, maar toe hy daaraan byt was dit ‘n tamatie. Vir baie lank daarna kon hy geen tamatie eet nie.
Olchert het in Pretoria by die Nederlandse Bank begin werk. Dit was hier in Pretoria dat Olchert en Clara Frowein ontmoet en verloof geraak het. Toe breek die 1914 oorlog uit. Ochert en sy vriend, Louis Botha (later Generaal), was albei baie lank en sou bo die ander soldate sigbaar wees en dus goeie teikens vir die vyand kon wees. Dit was glo die rede waarom hulle by die Ambulans Eenheid aangesluit het.
‘n Mnr Eloff het aangebied om Olchert se kuns studies oorsee te betaal maar hy besluit om dit nie te aanvaar nie en sluit weer by die Nederlandse Bank aan. Hy trou met Clara Elizabeth Catharina Frowein (gebore 19 Feb 1896). ‘n Vrou wat baie gelowig was en haar familie en kleinkinders van jong af geleer het om die Here te dank vir alles. Sy het die kinders op ‘n mooi wyse geleer om alles wat eetbaar was te eet en was voorbeeldig om alles skoon en netjies te hou. Olchert en Clara is oorgeplaas na Bronkhorstspruit om die Nederlandse Bank aldaar te open. Daar was hy vir 5 jaar verkies as Eerste Burgermeester.
Hier in Bronkhortspruit is hul eerste twee dogters gebore, Olga Cornelia Alida op 23 May 1920 en Clara Elizabeth Catharina (Ina) op 26 September 1921. Hulle is weer terug verplaas na Pretoria en daarna na Bloemfontein waar hy nog steeds by die Nerderlandse Bank gewerk het. Hier op 15 Augustus 1929 is Eltje Friede Natalje (Elfie) gebore. Na ongeveer 5 jaar is hulle weer terug na Pretoria waar hulle ‘n ruk lank gewoon het voordat Olchert verplaas is na Springs, waar hy Bestuurder was van die nuwe tak van die Bank. Hy het heelwat jare hier bestuur voordat hy vroeg afgetree het en by Unit Securities in Johannesburg aangesluit het. Hierna was hy bestuurder van ‘n ‘tin myn’ in Swaziland vir 8 jaar. Hier het sy oudste dogter, Olga haar man Arnout van Castricum ontmoet en hulle is op 17 Oktober 1942 in Pretoria getroud.
Gedurende sy spaar tyd het Olchert aanhou skilder en ‘n paar kunsuitstallings gehou. Van sy skilderye was destyds uitgestal in die ‘Vroue Museum’ in Bloemfontein en in ‘The Museum Africa’ in Johannesburg.
Olchert en sy familie vestig hulle vir ‘n paar jaar in Emmarentia, Johannesburg. Hier het hulle ander twee dogters getrou. Elfie en Graeme Ewers is in 1949 getroud en Ina het haar man, Dudley Troye, ontmoet toe hy en sy Ma ‘n skildery kom koop het. Hulle is 19 April 1952 getroud.
Olchert en Clara besluit om rustig by the kus af te tree waar by ongesteurd kon skilder – eers in Port

Alfred en toe Oos London. Elfie se man is in 1960 oorlede en sy en haar twee seuns woon toe ‘n paar jaar saam met hulle. Hier het Olchert kuns klasse gegee en ook ‘n kuns erkenning gewen op ‘n plaaslike uitstalling. Hy is later in kuns boeke oor Suid Afrikaanse kunstenaars genoem.
Gedurende hierdie ‘aftree’ jare het hy hom nog besig gehou met boekhou vir ‘n bakkery en Kuns Vereeniging asook restorasie werk gedoen vir verskeie kuns gallerye.
Olchert het na ‘n droeër klimaat gesmag en hulle verhuis toe terug na Pretoria waar hulle ook hulle laaste jare naby dogsters Olga en Ina kon wees.
Olchert is op 1 May 1971 in Pretoria oorlede toe hulle aanhuis was by Olga en familie. Sy vrou, Clara is op 23 Maart 1983 oorlede in Johannesburg nadat sy haar laaste jare by haar dogter Ina en familie deurgebring het.
Hulle dogters kan onthou hoe hulle Pa die viool, en hul Ma die klavier gespeel het. Olchert sal deur sy kleinkinders onthou word as ‘n lang liefdevolle man wat altyd tyd gehad het vir ‘n drukkie en om spelletjies soos ‘I spy with my little eye’ en ‘Dominos’ met hulle te speel. Hy was ‘n man wat vreeslik lief was vir boontjie sop en wat elke aand na ete aan die tafel uit the Bybel voorgelees het. Hy sal ook onthou word vir die sketse wat hy ooral gedoen het, terwyl die kleinkinders toekyk. Hierdie sketse het hy by die huis vergroot en in olieverf begin skilder om die kleure duideliker in sy geheue te kon onthou. Hierdie skilderye bring vandag nog vir die familie mooi herinninge